CAMERON KÓÓK

Cameron Jacobs het 'n gesogte internskap by 'n top-hotel gewen en is van plan om sommer nog baie ver te kom met sy kookkuns.

DEUR ROZANNE ENGEL

Met die gewildheid van TV-reekse soos *MasterChef*, *TopChef* en *The Naked Chef* en sjefs soos Gordon Ramsay en Jamie Oliver wat internasionale celebs is, is dit geen wonder al hoe meer jongmense wil deedae hul brood en botter agter die kospotte verdien nie!

Cameron Jacobs (18) van Parkwood in die Kaap is só lief vir kosmaak, hy het besluit om eerder 'n jaarlange internskap by die gesogte Vineyard Hotel and Spa in Nuweland, Kaapstad, te doen as om sy graad 12 te voltooi.

Cameron het verlede September aan 'n kompetisie by die Vineyard Hotel deelgeneem om die internskap te wen. Hy was die enigste graad 11-leerder wat deelgeneem het en moes 25 matrieks klop om deur die uitvoerende sjef, Alex Docherty, vir die internskap gekies te word.

Cameron het al in Desember sy jaarlange internskap by die Vineyard Hotel begin en in Februarie as student begin by die South African Chefs Academy in Observatory (Kaapstad), waar hy vir twee jaar 'n volledige sjefkursus sal voltooi.

Dié talentvolle jongman kan steeds nie glo hierdie wonderlike geleenthede het na sy kant toe gekom nie. "Ek probeer nog steeds om alles te process. Ek kan steeds nie glo Alex het my uit al daardie graad 12-leerders gekies nie, dis amazing. Hy is só 'n streng en goeie sjef, maar tog het hy my harde werk en vermoë raakgesien. Almal by die hotel is taamlik bang vir hom, maar as jy vir hom wys jy werk hard en wil

Cameron se gunstelingplek is agter die potte!

regtig sukses behaal in die bedryf, kan jy ver-skriklik baie leer by hom," sê Cameron opgewonde.

KEUSES

Toe hy dié geleentheid gekry het, moes Cameron vinnig besluit of hy sy matriek gaan voltooi of eerder die internskap gaan aangryp en by die Academy begin swot. Met sy ouma, oupa en veral sy hospitality-onderwyser by Fairmount Hoërskool, Bertha Sam, se leiding, het hy gou die regte besluit gemaak.

"Ek het al in graad 10 gesien hy het die talent om eendag 'n suksesvolle sjef te wees. Dis hoekom dit vir my en die skool glad nie moeilik was om hom uit te sonder vir die kompetisie by die Vineyard Hotel nie. Ons skool het ook al 'n geruime tyd 'n goeie verhouding met die hotel, sodat hulle praatjies kan kom doen by ons oor beroepsgeleenthede en hoe die bedryf werk. As gevolg van Cameron se talent vir kook is hy spesifiek uitgenooi om deel te neem aan die kompetisie. Ons is verskriklik trots op hom en hoop hy sal nog vele sukses in die toekoms behaal," sê Bertha.

Volgens haar is die hospitality-klas by Fairmount baie gewild as vakkeuse onder leerders. Veral baie seuns neem die vak, wat hulle baie gewild maak onder die meisies. Daar is wel net plek vir leerders wat regtig gemotiveerd is en belangstel in die kosbedryf. Toe Cameron in graad 11 was, was daar net 24 leerlinge in sy klas. Om hospitality as vak te neem, moet leerders 'n ekstra fooi van R200 betaal vir die jaar. Bertha sê weens die algemene armoede in die Parkwood-gebied kan almal nie dit betaal nie, maar die skool probeer ten spyte daarvan die kinders akkommodeer.

Met Bertha se hulp beplan Cameron om sy matriek in 2013/14 deur nagskool te voltooi. Omdat hy nou 8 tot 12 uur per dag werk, sal hy vir eers net op sy werk by die hotel en studies by die Academy fokus.

LIEF VIR KOOK

Cameron het by sy oupa George (61) en ouma Amelia (65) grootgeword. Sy ouer broer, Brandon (25), en jonger suster, Lee-Ann (12), woon ook daar en volgens hulle ouma en oupa is hulle almal alewig besig in die kombuis om kos te maak. "Cameron en die ander twee was nog altyd van 'n jong ouderdom besig om kos te maak. Hulle sal sommer enige tyd my kom help om disse te kook of hulle eie ding doen. Cameron kom gereeld met nuwe resepte wat hy wil hê ek moet probeer. Hy vra nog gereeld elke Saterdag wat ek vir Sondag-lunch maak. Somtyds, as hy nie tevrede is met my voorstelle nie, dan maak hy sommer self die Sondag-lunch," vertel Amelia.

Sy sê sy en haar man is baie trots op hom. Met die bietjie pensioengeld wat hulle kry, moet Amelia en George elke dag sorg dat daar kos op die tafel is en dat daar gesorg word vir Cameron, sy broer en suster. Cameron en Brandon se klein salarisse wat hulle by hul werke verdien, help darem ook om die pot aan die kook te hou en om hul jonger suster deur die skool te kry.

Cameron geniet dit om saam met sy ouma te kook.

TOEKOMS

"Die meeste kinders wat in die gebied grootword se ouma en oupa kyk na hulle. Vir ons as grootouers is dit die grootste joy. Ons is baie streng met hulle, maar deur dit wil ons hê hulle moet groot dinge bereik. Ek bid elke dag dat God my nog lank sal uitspaar om hulle drie kinders te sien hul volle opvoeding kry en sukses behaal. Ek dink ook nou al vooruit oor Cameron se toekoms. Ek wil hê hy moet so gou as moontlik sy paspoort ook kry, want daar is baie geleenthede in ander lande, wat hy definitief nie verby hom moet laat gaan nie. Wie weet, hy kan nog eendag saam met Jamie Oliver in Engeland werk," sê Amelia.

Sedert Cameron sy internskap begin het by die Vineyard Hotel en die oog van die Kaapse media gevang het, het hy soortvan 'n celebrity geword by sy ou skool en in die Parkwood-gebied. Sy oupa wys met groot trots vir almal in die gebied koerant-uitknipsels van hom, maar Cameron sê die celebrity-status maak glad nie vir hom saak nie, want hy voel glad nie soos 'n celebrity nie.

"Ek is nog baie jonk en daar is nog verskriklik baie wat ek moet leer in die bedryf. Almal wat begin in die bedryf wil 'n uitvoerende sjef wees van 'n restaurant, maar is nie bereid om die harde werk in te sit nie. Jy het minstens 20 jaar se ervaring as 'n sjef nodig voor jy 'n uitvoerende sjef kan word en 'n goeie een ook. Dis hoekom ek nie nou eers worry oor meisies nie. Vir nou wil ek net fokus op my loopbaan en hopelik eendag oorsee gaan swot met van die wêreld se beste sjefs," vertel Cameron.

Een van sy ander groot drome is ook om sy eie restaurant eendag te begin, waar hy sy gunsteling-seekosgeregte kan kook en die kennis en vaardighede wat hy geleer het, met ander jongmense kan deel.

"As ek môre die geleentheid kry om oorsee te leer, is ek nie seker of ek maklik weer sal wil terugkom na Suid-Afrika nie, maar met die tekort aan skilled werkers hier, sal dit iets goed wees om ander kinders wat ook in arm gebiede soos ek grootgeword het, te help om hulle drome te bereik," sê hy ernstig.